**6108**
**Paper 3**

Baie dankie aan die eksaminatore wat in hierdie baie moeilike jaar wat so vol ontwrigtings was, alles in hul vermoë gedoen het om die kandidate goed voor te berei vir die eksamen. Tog het daar by sommige sentrums probleme voorgekom.

**Voorbereiding:**

- Die onderwysers moet asseblief die "tutorial" op die **USB** deeglik bestudeer voor hulle met die mondeling begin.
- Baie gesprekke voldoen nie aan die vereiste tydsduur nie. Dit is uiters belangrik dat u die voorskrifte op bl. 5 oor die afneem van die praattoets bestudeer.
- Die keuse van lokale vir die opnames, is uiters belangrik. Hou asseblief u selfone afgeskakel tydens die opnames van die mondeling.
- Eksaminatore moet hulself goed voorberei vir die eksamen sodat hulle vertroud is met al die terme op die praatkaarte. Dit sal verhoed dat hulle sukkel met die verduideliking van woorde op die kaart indien 'n kandidaat vir verduidelikings vra. Vermy die gebruik van Engelse woorde tydens die Afrikaanse eksamen.
- Daar was ook sentrums waar die kandidate te sag gepraat het, dit bemoeilik die moderering van die eksamen.
- Die keuse van die praatkaart berus by die onderwyser.

**Prosedure tydens die opname:**

- Bestudeer die handleiding op bl.6 vir die aankondiging van kandidate.
- U hoef net aan die begin van die opname die sentrumnaam en u naam aan te kondig. Stoor dit in 'n aparte lêer/ "file". Dankie aan diegene wat dit so gedoen het.
- **Opwarming** by sommige sentrums was dit glad nie gedoen nie. Dit is belangrik dat opwarming gedoen word om kandidate op hul gemak te stel. 2 - 3 minute. Inleidende vrae moet glad nie persoonlik raak nie.
- Die meeste eksaminatore vergeet om kandidate te vra of hul iets op die kaart verduidelik wil hê (soos die betekenis van woorde).
- Rolspelkaarte wat deur kandidate gekies word. (Eksaminatore vra selfs: "Watter kaart het jy gekies?) Heeltemal onaanvaarbaar. Beplan dus aan wie u watter kaart gaan gee om te verseker dat al die kaarte gebruik word, maar ook dat dit by kandidaat pas. Kyk na punt 14 in die riglyne asseblief.
- Eksaminatore moet nie die hele inhoud van die praatkaart aan die kandidate voorlees nie. Kandidate word voorbereidingstyd gegee om self die kaart deur te lees en voor te berei (15 minute).
- **Vraagstelling** was oor die algemeen goed gedoen. Vrae moet begeleidend wees en as aanmoediging dien om kandidate te help wat vashaak. Sommige eksaminatore raak entoesiasties betrokke by die onderwerp en praat dan meer as die kandidaat. Hou in gedagte dat die kandidaat se mening of kennis nie evalueer word nie , maar wel die vaardighede van woordeskat, struktuur en vloeiendheid.
- **Hoofgesprek** moet 6 – 9 minute duur. Baie sentrums het nie by die voorgeskrewe tydsduur gehou nie, waak asseblief daarteen.
- **Bepunting** is oor die algemeen effens te streng. Hou in gedagte dat dit Tweede Taal Vlak is, ongeag of die kandidaat 'n moedertaalspreker is.
- Dankie aan eksaminatore wat so afsluit dat kandidate met 'n positiewe en gemotiveerde gevoel die lokaal verlaat ongeag van die suksesvolheid van die afgelope toets.

**Administratiewe werk:**

- Die administratiewe werk van die meeste sentrums was hierdie jaar teleurstellend en nie op standaard nie.
- Die **OASF** móét streng volgens die **MS1** wees. Die instruksies is duidelik agter op die Opsommingsblad én in die handleiding op bl. 4.
- **OASF**- vorms word verkeerd voltooi deurdat die teenwoordigheidslys gebruik word met voorletters van kandidate. Gebruik die **MS1**-vorm om die Opsommende Puntelys met die volle name en vanne te skryf.
- Vele optelfoute en oordrafoute het voorgekom. Modereer dit asseblief behoorlik.
- Dis baie belangrik dat as daar meer as een onderwyser by 'n skool as eksaminator optree, hulle vooraf moet standaardiseer. Dit sal voorkom dat daar uiteenlopende puntetoekennings is.
- Maak seker dat die name op die ooreenstem met die voorblad van die geheuestokkie met dié van die opnames wat ingestuur is.
- Die sentrumnommer en naam moet duidelik op die geheuestokkie aangedui word.

**Algemene foute:**

- Foute kan telkens teruggevoer word na **VOORSKRIFTE WAT NIE GEVOLG WORD NIE**.
- Afwesige kandidate en diegene wat die skool verlaat het, moet duidelik aangedui word met 'n A op die opsommingsblad en 999 op die Ms1. Kyk na die video-insetsel op die geheuestokkie.
- Die steekproefgroep wat ingestuur is moet verteenwoordigend wees van al die kandidate. Sluit asseblief die hoogste en die laagste punt in. Die sentrums het nie alle praatkaarte ingesluit nie.
- Onthou dis 'n gesprek tussen die eksaminator en die kandidaat. Waak daarteen dat die kandidate monoloë voer. Nogmaals dankie vir die harde werk.